



KANTOOR VAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER  
BERGRIVIER MUNISIPALITEIT  
POSBUS 60  
PIKETBERG  
7320

**NOTULE VAN DIE GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 28  
FEBRUARIE 2017 OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, KERKSTRAAT,  
PIKETBERG**

**TEENWOORDIG**

**LEDE VAN DIE VIERDE MUNISIPALE RAAD**

Rdh. A de Vries	[DA]	-	Speaker
Rdh. EB Manuel	[DA]	-	Uitvoerende Burgemeester
Rdd. SM Crafford	[DA]	-	Uitvoerende Onderburgemeester
Rdh. RM van Rooy	[DA]		
Rdh. JJ Josephus	[DA]		
Rdl. AJ du Plooy	[DA]		
Rdl. MA Wessels	[DA]		
Rdl. A Small (Me.)	[DA]		
Rdh. J Swart	[ANC]		
Rdl. SS Lesch (Me.)	[ANC]		
Rdd. SIJ Smit	[ANC]		
Rdl. SR Claassen	[ANC]		

**AMPTENARE**

Adv. H Linde	-	Munisipale Bestuurder
Mnr. JWA Kotzee	-	Direkteur Korporatiewe Dienste
Mnr. JA van Niekerk	-	Direkteur Finansiële Dienste
Mnr. N Rossouw	-	Direkteur Tegniëse Dienste - waarnemend
Mev. JS Erasmus	-	Interne Ouditeur
Me. A van Sittert	-	Bestuurder: Strategiese Dienste
Mnr. NJ Scheepers	-	Hoof: Komitee en Sekretariële Dienste
Me. AA Somers	-	Klerk: Komitee Dienste

AKSIE

**RVN0017/02/2017**

**OPENING EN VERWELKOMING**

Raadslid Me. Lesch open die vergadering met gebed, waarna die Speaker almal teenwoordig by die vergadering verwelkom.

\*\*\*

**RVN018/02/2017**

**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**

**3/3/1/4**

Raadslid J Daniels – (by PCF vergadering as waarnemende Burgemeester)  
Direkteur Tegniëse Dienste – (by PCF vergadering as waarnemende Munisipale Bestuurder)

\*\*\*



NOTULE VAN DIE GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG  
28 FEBRUARIE 2017 OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE  
KANTORE, KERKSTRAAT, PIKETBERG

**RVN019/02/2017**

**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**

**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare teenwoordig verklaar individueel dat hul geen persoonlike belange, met betrekking tot items in die agenda, het nie.

\*\*\*



**RVN020/02/2017**

**BEKRAGTING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING: DINSDAG 24 JANUARIE 2017**

**3/3/2/2**

Dat die notule van die Gewone Raadsvergadering gehou op Dinsdag 24 Januarie 2017 bekragtig word.

\*\*\*

**KLERK: KOMITEE  
DIENSTE  
(AA SOMERS)**

**RVN021/02/2017**

**BEKRAGTING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING: DONDERDAG 09 FEBRUARIE 2017**

**3/3/2/2**

Dat die notule van die Gewone Raadsvergadering gehou op Donderdag 09 Februarie 2017 bekragtig word.

\*\*\*

**KLERK: KOMITEE  
DIENSTE  
(AA SOMERS)**

**RVN022/02/2017**

**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR RAADSBESLUIE: TERUGVOER VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE RAADSBESLUIE GENEEM TYDENS RAADSVERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 29 NOVEMBER 2016**

**3/3/2/2**

Die Munisipale Bestuurder lei die item in en gee terugvoer oor die Raadsbesluite van die vergadering gehou op Dinsdag 29 November 2016, ter inligting aan die Raad.

**KENNIS GENEEM**

\*\*\*



**RVN023/02/2017**

**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR RAADSBESLUIE: TERUGVOER VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE RAADSBESLUIE GENEEM TYDENS RAADSVERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 24 JANUARIE 2017**

**3/3/2/2**

Die Munisipale Bestuurder lei die item in en gee terugvoer oor die Raadsbesluite van die vergadering gehou op Dinsdag 24 Januarie 2017, ter inligting aan die Raad.

**KENNIS GENEEM**

\*\*\*





NOTULE VAN DIE GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG  
28 FEBRUARIE 2017 OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE  
KANTORE, KERKSTRAAT, PIKETBERG

**RVN024/02/2017**

**SAKE VOORSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**

**3/3/2/2**

Geen

\*\*\*

**RVN025/02/2017**

**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**

**3/3/1/6**

Die Speaker doen die volgende mededelings:

**LIEF EN LEED**

- Dat die Direkteur Korporatiewe Dienste verjaar op 16 Maart 2017;
- Dat die moeder van die Direkteur Tegnieuse Dienste 'n heupoperasie ondergaan het en dat sy tuis goed aansterk.

Met toestemming van die Speaker, bedank Raadsdame Smit die Munisipale Bestuurder en die Bestuurder: Elektriese Dienste vir hul spoedige reaksie tydens die kragonderbreking in Porterville en vir die goeie kommunikasie met die lede van die publiek.

\*\*\*

**RVN026/02/2017**

**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**

**3/3/1/5**

Geen

\*\*\*

**RVN027/02/2017**

**MOSIES / VRAE**

**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

\*\*\*

**RVN028/02/2017**

**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER: PELIKAAN STRANDOORD**

**9/1/2**

Op versoek van Raadsheer Swart gee die Uitvoerende Burgemeester breedvoerig agtergrond en terugvoer rakende die voorlegging oor Pelikaan Strandoord wat in die Raadsaal, Piketberg gedoen was.

Hy meld dat die aangeleentheid terugverwys is na die gemeenskap van Velddrif vir verdere konsultasie en publieke deelname.

Ten slotte noem hy dat sodra die wetlike prosesse afgehandel is, sal die aangeleentheid weer aan die volle Raad voorgelê word vir oorweging.

**KENNIS GENEEM**

\*\*\*



NOTULE VAN DIE GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG  
28 FEBRUARIE 2017 OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE  
KANTORE, KERKSTRAAT, PIKETBERG

**RVN029/02/2017**

**TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER: 'UPPER LIMITS' VIR RAADSLEDE**

**9/1/2**

Die Munisipale Bestuurder gee agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Sy meld dat daar by MINMAY 'n werksgroep saamgestel is bestaande uit: SALGA en 'n verteenwoordiger van die Munisipale Bestuurdersforum en noem dat hul terugvoering aan COGTA gegee het oor al die aspekte wat onuitvoerbaar is met die implementering van die "upper limits" vir Raadslede.

Die Munisipale Bestuurder lig die volle Raad in dat COGTA die gewysigde "upper limits" vir Raadslede op Dinsdag 28 Februarie 2017 aan munisipaliteite sou stuur, maar dat dit nog nie ontvang is nie. Sy onderneem om dit onmiddellik aan die Uitvoerende Burgemeester voor te lê, sodra haar kantoor die dokument ontvang.

**KENNIS GENEEM**

\*\*\*

**RVN030/02/2017**

**HAVEN UTILITY COMPANY: ERF 3359 PIKETBERG (PB 3359)**

**15/3/8**

***('n Gewysigde aanbeveling word ter tafel gelê – Bylae A).***

Raadsheer Van Rooy lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Raadslede en Amptenare.

Die ANC versoek 'n kookusgeleentheid.

Die vergadering verdaag om 14:20 en hervat om 14:25.

Na die kookusgeleentheid gee Raadsheer Swart terugvoer en noem dat ANC-kookus die besluit ondersteun.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad geneem**

**BESLUIT:**

1. Dat die Raad die administrasie ondersteun vir die terugneem van Erf 3359, Piketberg vanaf die Haven Utility Company;
2. Dat die Raad afsien van die bepaling van die titelakte waarin die koper verantwoordelik is vir die oordragkoste [paragraaf E(b)]; en
3. Dat die Raad verantwoordelikheid aanvaar vir die oordragkoste van die grond aan die Munisipaliteit.

\*\*\*

**BESTUURDER:  
BEPLANNING EN  
ONTWIKKELING**



NOTULE VAN DIE GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG  
28 FEBRUARIE 2017 OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE  
KANTORE, KERKSTRAAT, PIKETBERG

**RVN031/02/2017**

**QUARTERLY & MONTHLY BUDGET STATEMENT: DECEMBER 2016**

9/1/2


The Portfolio Chairperson gave a brief background of the item under discussion.

**The undermentioned resolution is taken unanimously by Council**

**RESOLUTION:**

That Council notes the quarterly and monthly budget statement and supporting documentation for December 2016.

\*\*\*



**RVN032/02/2017**


**NOTULES VAN DIE WYKSKOMITEES VIR KENNISNAME: 23 JANUARIE 2017 – 26 JANUARIE 2017**

5/1/1

Die Speaker lei die item in en bedank die Bestuurder: Strategiese Dienste vir hul goeie werk gelewer en die goeie standaard van die wykskomitee notules, soos voorgelê.

**KENNIS GENEEM**

\*\*\*



**RVN033/02/2017**

**WYKSKOMITEE-BELEID**

3-B

Die Raad neem kennis van die wykskomitee beleid, soos voorgelê ter inligting.

\*\*\*



**RVN034/02/2017**

**MUNICIPAL PUBLIC ACCOUNTS COMMITTEE (MPAC)**


12/2/3/68

***(’n Vervangende verslag word ter tafel gelê – Bylae B)***

Die Uitvoerende Burgemeester lei die item in lees die aanbeveling aan die Raad voor.

Raadsheer Swart onttrek aan die proses as genomineerde.

Die Munisipale Bestuurder gee ter inligting agtergrond met betrekking tot Artikel 79 / 80 komitees, waarna verskeie insette en kommentaar gelewer word.





NOTULE VAN DIE GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG  
28 FEBRUARIE 2017 OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE  
KANTORE, KERKSTRAAT, PIKETBERG

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad geneem**

**BESLUIT:**

1. Dat Raadslid Claassen onbestrede deur die Raad verkies word tot Voorsitter van die *Municipal Public Accounts Committee (MPAC)* vanuit die nie-uitvoerende lede van die Raad;
2. Dat die Raad kennis neem van die nominasies ontvang vanaf die twee politieke partye verteenwoordig in die Raad van Bergrivier soos in par. 5 hierbo;
3. Dat die aangewese Voorsitter geen addisionele vergoeding ontvang vir die twee vergaderings per jaar nie; en
4. Dat alle ander aspekte van die MPAC dieselfde bly soos goedgekeur deur die Raad in September 2016.

Die Speaker kondig aan dat Raadslid Claassen verkies word tot Voorsitter van MPAC en wens hom geluk en sterkte toe.

Raadslid Claassen bedank die DA-koukus vir die geleentheid om te dien as Voorsitter en noem dat hy sy pligte sal uitvoer na die beste van sy vermoë.

\*\*\*

**RVN035/02/2017**

**OPNEEM VAN EKSTERNE LENINGS**

**5/14/1/3**

Die Uitvoerende Onderburgemeester lei die item in en meld dat die Raad reeds in 2016 by die Begrotingloodskomitee vergadering 'n besluit geneem het om die eksterne lenings op te neem en dat die finansiële prosesse nou gevolg is en voorgelê word vir oorweging.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad geneem**

**BESLUIT:**

Dat die Raad die volgende eksterne lenings ten bedrae van R6 750 000.00 by ABSA Bank opneem vir die gedeeltelike finansiering van sy kapitaaluitgawes vir die 2016/2017 finansiële jaar en wel soos volg:

1. **R5 970 000.00 oor 10 jaar** soos per tender by ABSA Bank opneem. Betaling van jaarlikse paaielemente geskied op 30 Junie van elke jaar, en
2. **R780 000.00 oor 5 jaar** soos per tender by ABSA Bank opneem. Betaling van jaarlikse paaielemente geskied op 30 Junie van elke jaar.

\*\*\*

**MUNISIPALE  
BESTUURDER**

**DIREKTEUR:  
FINANSIËLE  
DIENSTE**



NOTULE VAN DIE GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG  
28 FEBRUARIE 2017 OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE  
KANTORE, KERKSTRAAT, PIKETBERG

RVN036/02/2017

**BESLUIE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE  
BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 24 JANUARIE 2017**

1/4/1

Geen



\*\*\*

*(Voor die In-Komitee bespreking van item 037 verlaat die volgende amptenare die vergadering, naamlik: Mev. A van Sittert, Mev. JS Erasmus, Mnr. NJ Scheepers en Me. AA Somers)*

RVN037/02/2017

**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

**AANSTELLING VAN DIE NUWE DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE/CFO**

4/1/2/5

*(Verslag word deur die Munisipale Bestuurder ter tafel gelê – Bylae C.)*

Die Uitvoerende Burgemeester lei die punt in en versoek die Munisipale Bestuurder om die verslag aan die Raad voor te dra.

**The undermentioned resolution is taken unanimously by Council**

**RESOLUTION:**

As in the Attached report by Steele & Associates, the appointed service provider for the process:

- a) That council approves the recruitment and selection process as reflected in the selection documentation including the Long List, Short List, Screening/Reference Report and Selection Report attached as Appendix 2, 3, 4 and 5 respectively;
- b) That council appoints Mr GJ Goliath as Director: Financial Services and Chief Financial Officer (CFO) on a permanent basis and on the basis of the findings and consensus of the selection committee;
- c) That the Municipal Manager be mandated to negotiate an all-inclusive remuneration package within the remuneration upper limits of the applicable Regulations on the Remuneration of Municipal Managers and Senior Managers reporting to the Municipal Manager;
- d) That it be noted that the MEC for Local Government in the Western Cape be informed of the Council decision within 14 days of the appointment;
- e) That the Municipal Manager be mandated to inform the successful candidate and, as a matter of courtesy, inform the unsuccessful interviewed candidates formally of the outcome, and thank them for their application and participation in the process; and
- f) That the Municipal Manager and Director Corporate Services be mandated to finalise the service agreement and performance agreement in line with applicable legislation and the upper limits regulations.

\*\*\*

**MUNICIPAL  
MANAGER**



NOTULE VAN DIE GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG  
28 FEBRUARIE 2017 OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE  
KANTORE, KERKSTRAAT, PIKETBERG

---

RVN038/02/2017

**BESLUIE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM  
IS, TER INLIGTING VAN DIE RAAD**

Geen

\*\*\*

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 14:40  
BEKRAGTIG AS 'N WARE WEERGAWE VAN DIE VERRIGTINGE.***

\_\_\_\_\_  
**VOORSITTER  
(SPEAKER)**

\_\_\_\_\_  
**DATUM**

\*\*\*